## 8. RAPPORT VAN DIE ROEPENDE KERKRAAD (Art 7)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

**C. RAPPORT**

Die Roepende Kerkraad rapporteer soos volg oor die oproep en ontvangs van die Nasionale Sinode 2006.

**1. Oproep**

Die oproep van die Sinode is vroegtydig in *Die Kerkblad* (Junie 2005) gepubliseer, terwyl oproepe later aan al die Deputate vir Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes gestuur is.

**Besluit: Kennis geneem.**

**2. Kredensiebriewe**

Hieroor sal tydens die vergadering gerapporteer word.

**Besluit: Kennis geneem.**

**3. Huisvesting**

Die Universiteitskoshuis, Kom-en-Gaan, is tot die beskikking van die Roepende Kerkraad gestel. Die afgevaardigdes kan volgens keuse saam met ‘n kamermaat geplaas word. Die eetsaal van Kom-en-Gaan word deur die afgevaardigdes gebruik en daar is voorsiening gemaak vir nie-koshuisinwoners om teen vasgestelde tariewe ook in die koshuis te eet. Vir die buitelandse besoekers is ook verblyf gereël en die sportfasiliteite van die Universiteit is tot die beskikking van die afgevaardigdes gestel. Die Sinodegangers kan van die Universiteitskoshuise gebruik maak van Dinsdag 4 Januarie tot Vrydag 13 Januarie 2006.

**Besluit: Kennis geneem.**

**4. Verversings**

Die susters van die Potchefstroomse gemeentes sal aan die afgevaardigdes koffie, tee en vrugtesap tydens die pouses verskaf.

**Besluit: Kennis geneem.**

**5. Godsdiensoefening**

In ooreenstemming met die besluit van die Nasionale Sinode 1967 is gereël dat die Sinode op die openingsaand (4 Januarie 2006) om 19:00 in die kerkgebou van Potchefstroom-Noord saamkom. Die godsdiensoefening staan onder die toesig van Potchefstroom-Noord.

**Besluit: Kennis geneem.**

**6. Sittingstye**

Die Roepende Kerkraad beveel, in ooreenstemming met die sittingstye van die vorige Sinode, die volgende tye aan:

| | | |
|---|---|---|
| Weeksdae: | 08:00 – 10:30 | (Teepouse) |
| | 10:45 – 12:45 | |
| | 14:30 – 16:00 | (Teepouse) |

16:15 – 17:45
19:00 – 21:00
Saterdag: 08:00 – 10:30
10:45 – 12:45

**Besluit: Goedgekeur.**

**7. Verwelkoming**

Alle afgevaardigdes en besoekers is hartlik welkom op Potchefstroom en die Roepende Kerkraad sal graag u verblyf so aangenaam as moontlik maak.
Ons bid dat die Here sy seën sal gee sodat hierdie vergadering die instandhouding en groei van die Gereformeerde Kerke sal dien.

**D. AANVULLENDE RAPPORT**

Kredensiebriewe is van al die Deputate Korrespondensie van die Partikuliere Sinodes ontvang. Dit is behoorlik onderteken en in orde gevind.
**Besluit: Die Rapport word met dank aanvaar.**